Kosbare juwele

"Wanneer Aäron in die heiligdom ingaan,
moet hy die name van die stamme van Israel in die borssak op sy bors dra
om My, die Here, altyd aan hulle te herinner. "

Lees: Exodus 28 : 15 - 29
Teks: Exodus 28 : 29

In Exodus 28 word 'n noukeurige beskrywing van die kleed van die hoëpriester gegee. Onder andere moes hy op sy bors 'n borssak dra. Dit was 'n vierkantige sakkie of tassie van gouddraad, blou, pers en bloedrooi wolstof en goedgeweefde linne, sowat 25 sentimeter in die vierkant.

Edelstene

Op die borssak moes twaalf edelstene in vier rye van drie elk in goud gemonteer word. Op elk van die stene moes een van die stamname van Israel gegraveer wees, soos op 'n seëlring. Die borssak moes dan aan die res van die priesterlike kleed met blou toutjies en goue kettinkies vasgemaak wees. En dan gee die Here die opdrag: "*Wanneer Aäron in die heiligdom ingaan, moet hy die name van die stamme van Israel in die borssak op sy bors dra om My, die Here, altyd aan hulle te herinner*".

Wat het dit alles beteken?

En wat sê dit soveel eeue later vir ons?

Voor die Messias

In die ou bedeling, voor die koms van die Messias, mog die volk nie in die heilige en die allerheiligste dele van die tabernakel of die tempel ingaan nie. Hulle mog slegs in die voorhof vergader. Maar dan het die priester namens die volk deur die voorhangsel die heiligdom binnegegaan.

Nadat die priester die brandoffer op die brandofferaltaar in die voorhof gebring het, het hy van die gloeiende kole van die altaar geneem en daarmee deur die voorhangsel na die heilige gegaan. Daar het hy op die reukaltaar 'n reukoffer met hierdie kole aan die brand gesteek. Die offer op die brandofferaltaar was simbolies van hoe Christus aan die kruis deur die vuur van God se toorn oor ons sonde verteer sou word. Die reukoffer wat die priester daarna bring, was simbolies van hoe Christus na sy kruisdood en opstanding deur die blou voorhangsel van die hemel sou opvaar na die Vadertroon waar Hy met die reukwerk van sy voorbidding vir ons by die Vader intree.

Christus se voorbidding

Christus se voorbidding is een van die rykste en innigste geloofswaarhede in die Bybel. In Romeine 8: 34 skryf Paulus: "*Hy* (Christus) *is uit die dood opgewek, Hy sit aan die regterhand van God. Hy pleit vir ons*." En die apostel Johannes: "*As een van ons sondig – ons het Jesus Christus, die regverdige, as ons Voorspraak by die Vader*" (1 Johannes 2: 1). Ons Nederlandse Geloofsbelydenis wy 'n hele lang artikel aan Christus se voorbidding. Daar staan onder andere hierdie pragtige ding: "Daar is niemand in die hemel of op die aarde onder die skepsels wat groter liefde vir ons het as Jesus Christus nie . . . As ons dus moes soek na 'n ander middelaar wat ons goedgesind sou wees, wie sou ons dan kon vind wat groter liefde vir ons sou hê as Hy wat sy lewe vir ons afgelê het, selfs toe ons nog sy vyande was (Romeine 5: 8, 10)" (artikel 26).

Soos kosbare juwele

Wat beteken dit vir ons dat Christus in die hemel vir ons bid?

Hy ken ons nood beter as onsself. En in sy gebede formuleer Hy ons behoeftes op volmaakte wyse. En omdat sy voorbidding rus op die fondament van sy lyde aan die kruis, word sy gebede vir ons altyd verhoor.

Veral in tye van geloofsinsinking en -stryd beteken dit vir ons ontsaglik baie. Wanneer ons weens vertwyfeling, kleingeloof, geskoktheid of teleurstelling nie kan bid nie, dan is dit 'n groot troos om te weet dat Jesus Christus ons in die heiligdom voor sy Vader op die hart dra – nie soos onsself is nie, maar as kosbare, skitterende juwele.

En eenmaal in ons laaste oomblik op aarde, wanneer alles ons ontsink, sal dit ons krag gee om moedig te sterwe: die sekerheid dat daar in die hemel 'n medelydende hart is wat warm vir ons klop en vurig vir ons bid. Amen.

PW Buys

© 2013
www.christelikebiblioteek.co.za